# 2023-24
# ALGEMENE JAARVERSLAG

Ramot

'n Nuwe lewe. 'n Nuwe begin.
A new life. A new beginning.

Behandelingsentrum vir Substansafhanklikheid
Treatment Centre for Substance Dependence

Badisa

60 YEAR

1964 - 2024

DIE BURGER JOU KEUSE 2018 GOUD

DIE BURGER LESERSKEUSE 2019 GOUD

DIE BURGER LESERSKEUSE 2020 GOUD

DIE BURGER LESERSKEUSE 2021 GOUD

DIE BURGER LESERSKEUSE 2022 GOUD

DIE BURGER LESERSKEUSE 2023 GOUD

RAMOT is met trots aangewys deur Die Burger-lesers as die beste rehabilitasie-fasiliteit



# INHOUDSOPGAWE


| | |
|---|---|
| Boodskap van ons Bestuurder | 1 |
| Boodskap van ons Voorsitter | 2 |
| Tesouriersverslag | 3-4 |
| Die Sentrum | 5 |
| Pasiënt statistieke | 6 |
| Addendum | 7-8 |
| Slot | 9 |






# BOODSKAP VAN ONS BESTUURDER

RAMOT VERSTAAN DIE BELANGRIKHEID VAN REHABILITASIE EN DIE IMPAK OP INDIVIDUE, GESINNE EN GEMEENSKAPPE, VERAL GEDURENDE DIE TYD VAN ONSTABILITEIT EN EMOSIONELE NOOD.

As ‘n baken van hoop, lewer RAMOT voortdurend ‘n boodskap van optimisme deur ons uitreike na gemeenskappe regoor die Wes-Kaap, wat mense herinner aan ons onwrikbare slagspreuk: “’n Nuwe lewe, ‘n Nuwe begin”.

Ons span is daartoe verbind om uitstekende behandeling en diens aan pasiënte en hul gesinne te lewer. RAMOT bied virtuele nasorgsessies wat baie positief deur pasiënte en uitgebreide familie ondersteun word. Daarbenewens het ons ons samewerking met die media verbreed om die publiek op hoogte te hou en ‘n tasbare oplossing te bied aan diegene wat met substansafhanklikheid worstel.

RAMOT ondersoek voortdurend nuwe geleenthede en maak doelgerigte programaanpassings om uitstekende dienslewering in ‘n voortdurend ontwikkelende bedryfslandskap te verseker. Binne die mededingende marksegment ontstaan baie uitdagings wat voortdurend in geleenthede omskep moet word.

Te midde van die vrae en onsekerhede, bly RAMOT onwrikbaar daarin om behoeftiges te motiveer om hul redes te vind om op te staan. RAMOT dien as ‘n veilige omgewing van hoop, sodat pasiënte hul oë vorentoe gevestig hou – om nie te fokus op die nederlae nie, maar om hul “rock-bottom” die vaste fondament vir ‘n nuwe toekoms te laat word.

Die lirieke van Koos du Plessis se bekende lied, Gebed is as volg: “Wat ek is, is net genade, wat ek het, is net geleen,”

**RAMOT ontvang eindelose genade van ons Hemelse Vader.**



# ‘N GROOT DANKIE AAN:




- **Ons Hemelse Vader vir al Sy oorvloedige Genade**
- **Dr. Christo van der Walt en die beheerraad vir hul tyd, kundigheid en ondersteuning**
- **Die personeel vir hul toewyding en al die lang ure**
- **Badisa**
- **Aan al ons donateurs vir hul bydraes**
- **Die NG-Kerk**
- **Elke diensgebruiker en hul gesin wat Ramot vertrou in hul herstel proses**
- **Dr Lize Weich en Dr Thabo Mogotlane van Stikland Hospitaal**

MNR JOHANNES JANSE VAN RENSBURG
BESTUURDER RAMOT

# BOODSKAP VAN ONS VOORSITTER



**Suid-Afrika is 'n land met 'n eiesoortige dinamika. Vir RAMOT as 'n NRO ('n rehabilitasiesentrum vir substansafhanklikheid) is die uitdagings oorweldigend om 'n volhoubare en bekostigbare diens te lewer wat ons pasiënte en besigheidsvennote/ belanghebbendes verwag.**

**Die uitdagende en kompeterende omgewing waarin Ramot funksioneer plaas verder groot druk op die organisasie, veral in ag geneem die verskeie privaat rehabilitasiesentrums wat ondersteun word deur 'n sterk finansiële basis.**

RAMOT het 'n paradigma skuif van "besparing" na "innovering" gemaak - ek brei graag uit hierop:

- In November 2023 en Februarie 2024 het RAMOT inligtingsbesoeke ("roadshows") na die platteland onderneem. Die doel was om mense te bemagtig met inligting en praktiese hulpmiddels met betrekking tot die hantering van substansafhanklikheid, om 'n bewustheid daar te stel in terme van die simptome van afhanklikheid en om 'n tasbare voetspoor van RAMOT daar te laat.
- Die "roadshows" is deur talle maatskaplike werkers, munisipale bestuurders, kerk- en gemeenskapsleiers bygewoon. Oorweldigend positiewe terugvoer is ontvang.
- RAMOT doen moeite om netwerke met munisipaliteite en ander nie-winsgewende organisasies te bou. Ministers Sharna Fernandez en Jaco Londt (vorige en huidige ministers van Maatskaplike Dienste van die Wes Kaap), het skriftelik hul waardering hiervoor uitgespreek.
- 'n Groot advertensiebord op die besige Frans Conradierylaan deurroete genereer vir RAMOT addisionele fondse.
- RAMOT besin ook ernstig oor dienslewering buite landsgrense.
- 'n Aanvraag na programme wat oor 'n langer termyn strek om te voltooi, is ontwikkel en geïmplementeer.
- RAMOT se finansies is bevredigend (verwys na mnr Koos van Tonder se finansiële verslag). Ten opsigte van finansies speel die bou en instandhouding van sterk verhoudinge met rolspelers `n deurslaggewende rol.

Aan ons Programbestuurder, Mnr Johannes Janse van Rensburg en sy span hartlike dank vir u toegewydheid, innovering, energie en passievolle dienslewering. As Beheerraad is ons baie trots op ons personeel. My dank en waardering ook aan kundige Beheerraadslede wat hul kennis en tyd ten alle tye tot RAMOT se voordeel beskikbaar stel.

Dankie aan BADISA, ons moederliggaam vir hul ondersteuning sowel as RAMOT se donateurs.
Bowenal aan God, die Almagtige, alle eer.

**DR CHRISTO VAN DER WALT**
**VOORSITTER: RAMOT BEHEERRAAD**

# TESOURIERVERSLAG



## FINANSIËLE VERSLAG VIR DIE JAAR TOT 31 MAART 2024

### Oorsig

Alhoewel RAMOT streef daarna om billike fooie vir dienste te hef, word in die finansiële beplanning voorsiening gemaak vir ‘n klein oorskot om die nodige reserwes by te hou. Dit is natuurlik nie elke jaar moontlik nie en die finansiële resultaat vir die oorsigjaar wat ‘n tekort van R175 000 (2% van Bedryfsuitgawes) toon, is steeds meer as bevredigend.

### Uitgawes

Die koste van professionele personeel en uitgekontrakteerde professionele dienste vir nie-regeringsorganisasies (NRO’s) bly ‘n uitdaging weens die deurlopende buitengewone styging daarvan, gemeet teen inflasie, wat NRO‘s ervaar. RAMOT bestuur hierdie koste op ‘n verantwoordelike wyse sodat die vlak van diens waartoe RAMOT verbind is, deurlopend gehandhaaf kan word. Konstante toesig en rentmeesterskap word toegepas aangaande beheerbare uitgawes en die bestuur verdien ‘n pluimpie vir hul oorspronklike denke wat dikwels tot koste-besparings lei.

### Inkomste

Daar is weinig wat RAMOT aan die fooiestruktuur kan doen. Die Staatsubsidie en Mediese Fondstariewe word ekstern bepaal. RAMOT is nie by magte om dit opwaarts aan te pas nie. Gegewe die sterk kompetisie wat ervaar word in die mark vir privaat pasiënte, is dit ook hier moeilik om tariewe opwaarts aan te pas indien omstandighede dit sou vereis.

Verskeie projekte is reeds aan die gang en die bestuur is positief dat dit daartoe sal bydra dat meer pasiënte van RAMOT se dienste gebruik sal maak ten spyte van bestaande beperkings. Die beleggingsportefeulje word konserwatief belê en het ‘n lae risikoprofiel. Die inkomste wat hieruit vloei maak ‘n belangrike bydrae tot finansiële volhoubaarheid.

### Finansiële State

Die opgesomde inkomste- en balansstaat hieronder verskaf verdere inligting oor die afgelope jaar se finansiële resultate.

RAMOT se geldsake is gesond en die Beheerraad dra graag sy dank oor aan die bestuur vir hul toegewyde en verantwoordelike bestuur daarvan.

**MNR KOOS VAN TONDER**
**RAMOT BEHEERRAAD**

# FINANSIËLE RESULTAAT

**Inkomstestaat**

| | 2024 | 2023 | % Verand |
|---|---|---|---|
| **INKOMSTE** | | | |
| Fooie vir Dienste Gelewer | 7 480 | 7 070 | 5,8 |
| Privaat- en Mediese Fonds Pasiënte | 4 943 | 4 694 | 5,3 |
| Staatsubsidie | 2 537 | 2 376 | 6,8 |
| Donasies | 184 | 147 | 25,2 |
| Individue | 86 | 50 | 72,0 |
| Gemeentes | 98 | 97 | 1,0 |
| Diverse Inkomstes | 338 | 203 | 66,5 |
| **Bedryfsinkomste** | **8 002** | **7 420** | 7,8 |
| **UITGAWES** | | | |
| Koste van Personeel en Professionele Dienste | 5 850 | 4 574 | 27,9 |
| Kantooruitgawes | 301 | 367 | - 18,0 |
| Munisipale Dienste | 612 | 487 | 25,7 |
| Fasiliteite Onderhoud | 215 | 300 | - 28,3 |
| Voedselvoorsiening | 1 479 | 1 341 | 10,3 |
| Diverse Uitgawes | 327 | 256 | 27,7 |
| **Bedryfsuitgawes** | **8 784** | **7 325** | 19,9 |
| Bedryfsoorskot (-tekort) | - 782 | 95 | |
| Beleggingsinkomste | 625 | 412 | 51,7 |
| **Netto Oorskot (-Tekort)** | **- 157** | **507** | |

**BALANSSTAAT**

| | 2024 | 2023 |
|---|---|---|
| Vaste Bates | 328 | 371 |
| Beleggings | 5 481 | 5 025 |
| Rekeninge Ontvangbaar | 868 | 1 037 |
| Kontant | 1 398 | 1 775 |
| | **8 075** | **8 208** |
| Onaangewende Surplus | 5 039 | 5 196 |
| Reserwefondse | 2 093 | 2 093 |
| Rekeninge Betaalbaar | 943 | 919 |
| | **8 075** | **8 208** |

MNR KOOS VAN TONDER
RAMOT BEHEERRAAD

# DIE SENTRUM

Ons passie en fokus is die multi-professionele behandelingsprogram met 'n holistiese be-nadering. Ramot behandel verskillende vorme van afhanklikheid, insluitend alkohol, voorskrif-medikasie en alle ander dwelms. Die hoofdoel is om pasiënte in staat te stel om fisies, psigies en geestelik te kan herstel sodat hulle optimaal volgens hul werklike potensiaal kan funksioneer. 'n Onderskeidende kenmerk van ons program is die intensiewe persoonlike aandag wat elke pasiënt ontvang.

Ramot is in 1964 gestig om behandeling te bied aan individue en gesinne wat met afhanklik-heidsprobleme gekonfronteer is. Die sentrum het tans 40 beddens met aparte fasiliteite vir mans en vroue pasiënte.

Die sentrum volg 'n multi-dissiplinêre behandelingsprogram, wat gebaseer is op wetenskaplike navorsing en geïmplementeer word deur spesialis personeel.

## BEHANDELING

- Sielkundige Berading
- Biokinetika
- Mediese Behandeling
- Kreatiwiteit
- Geestelike Berading

## FASILITEITE

- Gymnasium
- Kreatiwiteit-sentrum
- Biblioteek
- Televisie-kamer
- Ontspannings-area

## WIE KWALIFISEER

1. Mediese fonds pasiënte
2. Privaat pasiënte
3. Staat pasiënte

## OPNAME KRITERIA

- Ouer as 18 jaar
- Selfgemotiveerd is vir die behandeling en rehabilitasie
- In staat is om Afrikaans en/of Engels te verstaan
- In staat is om die program kognitief / verstandelik te kan volg
- Afwesigheid van ernstige en ontwrigtende psigiatriese patologie
- Bereid is om vrywillig deel te neem aan al die fasette van die program


1 OPNAME ONDERHOUD

2 1 WEEK DETOKS

3 4 WEKE PROGRAM

# PASIËNT STATISTIEKE

## DEMOGRAFIE VAN PASIËNTE




## GESLAG




Vroulik
**75**

Manlik
**179**





## OUDERDOM



| | |
|---|---|
| 18 - 19: | **6** |
| 20 - 29: | **54** |
| 30 - 39: | **102** |
| 40 - 49: | **53** |
| 50 - 59: | **29** |
| 60 - 64: | **7** |
| 65>: | **4** |

## SUBSTANS-AFHANKLIKHEID

| | |
|---|---|
| ALKOHOL | **39.77%** |
| HEROÏEN | **4.63%** |
| MANDRAX | **2.70%** |
| TIK | **35.91%** |
| KOKAÏEN | **6.95%** |
| DAGGA | **5.79%** |
| MEDIKASIE/ANDER | **4.25%** |

## RAMOT BEMAGTIGING EN OPLEIDING



## BEFONDSING

| | |
|---|---|
| SELF | 9 |
| MEDIESE FONDS | 94 |
| WERKGEWER | 7 |
| FAMILIE | 24 |
| STAAT/SUBSIDIE | 120 |

# Western Cape Government FOR YOU

# Media release

**Media Release By: Western Cape Minister of Social Development, Jaco Londt**
**Date: 26 June 2024**
**Release: Immediate**

Minister Londt visited Ramot - one of five registered in-patient facilities subsidized by the DSD. Ramot provides in-patient treatment that consists of detoxification and five weeks of therapy. Here, Denver van der Bergh, a former patient shared his story.

Mr Van Der Bergh was addicted to alcohol and drugs for over 20 years before his employer intervened in 2020 and assisted him to go to Ramot for treatment. He has successfully abstained from drugs and alcohol since completing the treatment, has earned a business degree, landed a job in finance, and recently successfully completed his first Comrades Marathon.

"Ramot has walked this journey with me, even after I completed the programme in 2020. They sponsored my Comrades journey. Running has played an integral role in my rehabilitation. To those battling with addiction: there is always hope, it is never too late. Please make that change, you will be so happy, there is so much more to life," said Mr Van Der Bergh.

"Denver's story is not only a story of incredible perseverance and hope but is also proof that registered programmes work in turning lives around. We know and trust Ramot's processes, because they abide by the national and provincial legislations, norms, and standards, which gives peace of mind to clients like Denver – as well as their families," added Minister Londt.

Western Cape Government
FOR YOU
Social Development

Department of Social Development
**Chair: Western Cape Substance Abuse Forum: Chantelle Pepper**
Office of the MEC: Ministry
Chantelle.Pepper@westerncape.gov.za | Tel: 021 483 4155

**To: Ramot**

**Subject: Recommendation letter for roadshow in partnership with DSD WCSAF & LDACs:**

Dear Johannes,

I trust this email finds you well. I am writing to express my sincere appreciation for the recent roadshow conducted by the Ramot Treatment Centre. This event has proven to be a pivotal factor in enhancing service delivery in the field of substance abuse treatment and empowering the communities. It is worth noting that this roadshow marked the first of its kind in the last 12 years, signifying a remarkable milestone for our initiative.

The level of professionalism and organization demonstrated throughout the roadshow was truly commendable. Ramot's commitment to providing high-quality information and training sessions showcased their dedication to improving substance use disorder (SUD) services in our province.

The Western Cape Department of Social Development's overarching purpose, through the Provincial Substance Abuse Forum (WCSAF), Local Drug Action Committees (LDACs), and the Substance Abuse program, is to design and implement integrated services for SUDs in alignment with the National Drug Master Plan 2019-2024. This comprehensive plan fosters coordination between departments, local authorities, and funded organizations, such as Ramot, in accordance with the Prevention and Treatment for Substance Abuse Act, no. 70 of 2008.

A key focus of WCSAF is to provide support to municipalities in establishing their LDACs. Once these committees are formed, they require capacitation on SUDs, referral pathways, psychoeducation regarding the biology of addiction, and guidance on working exclusively with registered facilities.

Ramot's roadshow in collaboration with the LDACs is pivotal in building the capacity of municipalities, their communities, and their stakeholders. This endeavour fills a crucial knowledge gap by providing widespread psychoeducation on addiction and SUDs, as well as guidance on the referral pathway to registered facilities.

Many stakeholders and communities across our province lack essential information about why it is crucial to know where, when, and how to seek help for SUDs. The recent roadshow with the West Coast municipality LDACs demonstrated that the information shared by Ramot was highly needed and empowering. Sessions on how to refer clients to Ramot and the importance of aftercare in the recovery process have made a significant impact.

By offering these critical capacity-building workshops to established LDACs, Ramot not only strengthens the network but also plays a pivotal role in breaking down barriers to treatment. This, in turn, promotes better access to treatment within a recovery-oriented system of care.

Given the remarkable success of the recent roadshow, I would highly recommend and request that Ramot continues this invaluable initiative with the Cape Winelands, Overberg, and Garden Route District Municipalities in the upcoming year, ideally in partnership with the Department of Social Development.

Once again, I extend my sincere thanks for the exceptional work undertaken by Ramot Treatment Centre. Your commitment to enhancing our province's substance abuse services is truly commendable.

Many thanks,

Warm regards,

Chantelle Pepper

Chair: Western Cape Substance Abuse Forum



# SLOT

Ramot voel tuis binne en vind baat by die Badisa-familie se strukture en sisteme. Die insette en advies van die beheerraad is van kardinale belang vir Ramot. Die onskatbare waarde van donateurs en vennote word gekoester.

Ramot is trots op sy reputasie en suksesverhale, en sal aanhou om aan pasiënte die beste sorg en behandeling te gee. Nuwe strategieë om die sentrum en program te verbeter, word steeds gevolg. Die jaar wat volg, is ’n jaar van vernuwing.

Ons visie – ‘n nuwe lewe, ’n nuwe begin – sal beslis ook geld ten opsigte van die sentrum se fasiliteite en behandelingsalternatiewe.




Ramot

Affiliated with SANCA

A Service of Badisa



TEOLOGIE STUDENTE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH




MOSSELBAAI ROADSHOW




GEORGE ROADSHOW



BADISA ALGEMENE JAARLIKSE VERGADERING 2024



ENGEN WELLNESS



WELGEMOED NG KERK



ANDRÉ COETZEE




MALMESBURY ROADSHOW




SALDANHA ROADSHOW

60 YEAR

1964 - 2024



SKANDEER DIE QR-KODE VIR ELEKTRONIESE WEERGAWE


Tonerstraat 54, Parow-Oos, Kaapstad

021 939 2033

admin@ramot.co.za